

Vakansietyd is hier!



16 Dae van Aktivisme teen geweld

Verskeie inwoners van Heilbron het eergister wettiglik gestaak vir die bewusmaking van geweld teen vroue en kinders. Op 27 November was daar tesame #InOurName 'n groep Heilbronners

wat betoog teen borg van 'n beskuldigde wat in die hof verskyn het vir molestering. Hulle het 'n memorandum aan die staatsaanklaer oorhandig wat redes aanvoer waarom hy in die tronk moet bly. Dié pa van 'n 16 jarige

dogter is aangekla nadat hy haar vir 2 jaar lank verkrag en molesteer het. Hy is egter steeds in aanhouding nadat sy borgaansoek onsuksesvol was. Die saak is uitgestel tot 15 Januarie 2020. Die twee verskillende groepe het saamgesmelt vir die jaarlikse 16 Dae van Aktivisme Veldtog wat van 25 November tot 10 Desember hardloop. Hierdie 16 dae lange veldtog kan nie regtig iets doen aan die geweld teen vroue en kinders nie, maar om terug te sit en te maak of niks in gemeenskappe gebeur nie, is ook nie die antwoord nie. Die internasionale veldtog het ontstaan by die eerste Woman's Global Leadership Institute in 1991. Die wêreldwye veldtog fokus slegs op vroue, maar as gevolg van die hoë vlak van kindermishandeling in Suid-

Afrika is kinders bygevoeg. Hierdie jaar is die tema: "Count me in: together moving a non-violent South Africa forward", met die doel om Suid-Afrikaners aktief betrokke te kry teen geweld. Ondersteun hierdie veldtog deur 'n wit strikkie te dra vir hierdie tydperk. Dit is 'n simbool van vreugde en simboliseer die toegewydheid van die draer om nooit geweld teen vroue en kinders te pleeg of goed te keur nie. Wanneer jy vermoed dat enige vorm van mishandeling plaasvind, skakel dadelik die plaaslike polisiekanthoof om ondersoek in te stel. Mishandeling sluit in: huishoudelike geweld, moord, verkragting, aanranding en emosionele geweld en trauma. Staam saam sodat die weerloses ook 'n stem kan kry.

#InOurName



Men with a mission to make a difference in their society and to make men better for their society, stepped up on Wednesday and marched to the local Police station. Their memo which was handed to the station commander stated that illegal shebeens must be closed, police visibility must be upped and police cases that was opened be investigated to a better standard. The 100 men march also stand for violence against men, women and children as part of the 16 days of Activism. On the photo from left: Sabata Ngake (Treasurer), Colonel Mokhehi, Mosiuwa Mofokeng (Chairperson), Elias Mofokeng (dep. secretary) and Chale Ndada.

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Huisbus 220, Frankfort, 0830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkb.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



terugblik

14 DESEMBER			16 DESEMBER		
10 v.m.—1 n.m.	...	LAERTREK	4 v.m.	...	Geweerskote en Gesange by die Monument
3 n.m.	...	Openingswoord deur Voorsitter, Mnr. C. J. Roos	7 v.m.	...	Vroe'e Biduur
3:45—4:45 n.m.	...	Voorberedingsdiens	10 v.m.	...	Hoëdiens
5 n.m.	...	Braaivleis onder toesig van Mnr. Fritz Weilbach		...	Kranslegging
7:30 n.m.	...	Opvoering: „Sy Les“, deur Sita	2—3:15 n.m.	...	Toespraak: Dr. J. M. van Aswegen
9:30 n.m.	...	Boekevat: Mnr. J. Botha	3:30—4:30 n.m.	...	Geskiedenis-toespraak: Mnr. L. J. van Zyl
				...	Dankwoord (Vise-Voorsitter)
				...	Kiesing Feeskomissie
				...	Sluitingsrede
				...	
				...	
15 DESEMBER					
7 v.m.	...	Vroe'e Biduur			
10 v.m.	...	Onthulling van die Monument deur Oom Petrus Viljoen			
10:30 v.m.	...	Toespraak: Oom Gert Olivier			
2—3 n.m.	...	Toespraak: Mnr. L. J. van Zyl			
3:30—4:30 n.m.	...	Besprekingspunt: Moet die naam „Dingaansdag“ verander word? Inleier: Mnr. R. F. Crowther			
7:30 n.m.	...	Opvoering: „Moederloos“, deur Elsa Fourie en Toesielgeselskap			
11 n.m.	...	Boekevat			

Hierdie Program sal opgeluister word deur Sang en Musiek

UITVOERENDE KOMITEE:
Mnr. C. J. Roos, Voorsitter
Mnr. J. A. Botha, Vise-Voorsitter
Mnr. E. J. Preiss, Sekretaris
Mnr. R. F. Crowther, Vise-Sekretaris



Op foto bo en links die Eeufees program van 1938.

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019.

Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

Die winkel sluit die 19de Desember 2019 en open die 6de Januarie 2020.

Heilbron Clinic supports world AIDS day

• **Heilbron Clinic**

AIDS is a disease that affects millions of South Africans. It is caused by a virus called HIV that slowly weakens a person's ability to fight off other diseases. If you are infected with HIV you can still lead a normal healthy life for many years by:

- taking care of your health,
- being positive about life,
- getting support from those around you,
- practicing safer sex.

Taking care of your health includes:

- eating properly,
- getting exercise,
- getting enough rest.

Eating healthily can help your body fight diseases. This includes:

- eating a lot of fresh fruits and vegetables,
- eating whole grains such as samp and brown bread,
- avoiding junk foods,
- drinking lots of water,
- avoiding alcohol, smoking and drugs,
- keeping your cooking and eating area clean.

Support can come from family, friends, support groups and trained counsellors. Find out more about services that offer HIV/AIDS support in your area by contacting the AIDS helpline or through your nearest AIDS Training Information and Counselling Centre.

A positive attitude towards life can be developed by:

- setting goals in life,
- believing in yourself,
- looking at the positive side of things,
- knowing your strengths and weaknesses.

If you are HIV positive it is very important

to prevent passing the infection on to others. Find out more about safer sex, and use a condom every time you have sex. HIV/AIDS is a serious disease that affects millions of South Africans. People who are infected with HIV need care and support from their friends, families and the community, especially when they are ill. Friends and family members sometimes worry that they might be infected when caring for a person with HIV. HIV cannot be passed on by touching, hugging, coughing or sharing eating utensils. HIV can only be passed on:

- by having unprotected sex with an infected person,
- through contact with infected blood,
- from an infected mother to her unborn or newborn baby (but only some babies born to infected mothers become infected with HIV).

There may be situations where you need to clean up body fluids or blood from someone infected with HIV. It is important to use rubber or plastic gloves or other barriers such as plastic bags or thick cloth to prevent direct contact. Make sure that you have these easily available at all times. It is possible for people who are infected with HIV to live long healthy lives.

You can help those who are infected by:

- showing love, respect and support,
- knowing the facts about HIV/AIDS and talking openly about the disease,
- helping to reduce stress and stressful situations,
- helping to provide balanced and nutritious meals,
- encouraging them to get treatment if they are sick. Most infections are easily treated and cured, even if a person is HIV positive.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van **Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.**

Die vroeë Amerikaanse inboorlinge het 'n unieke praktyk gehad met die opleiding van hulle jong vegters. In die nag van die seun se dertiende verjaarsdag, nadat hy geleer het om te jag, spoor te sny en vis te vang, moes hy 'n laaste toets slaag. Hy is 'n digte woud binnegelei waar hy die hele nag alleen moes deurbring. Tot op daardie oomblik van sy lewe was hy nog nooit weg uit die veiligheid van sy ouers, sy familie, of sy stam se beskerming nie, maar daardie nag is hy geblinddoek en 'n paar kilometer aan die hand weggelei. Net om só as 'n "blinde" gelei te word, moes al klaar 'n vreemde en onseker ervaring gewees het. "Waarheen neem hulle my?" het die vraag seker in menige jong seuns se gemoed gewoed terwyl die angstsweet hulle handpalms klam gemaak het. Wanneer die oomblik reg was, kon hy die blinddoek afhaal. Hy was in die middel van 'n digte, vreemde woud. Om hom was net die donkerte. Omdat hy maar net 'n 13-jarige seun was, het vrees vir die onbekende hom beetgepak. Elke takkie wat gekraak het en die vreemde naggeluide het hom laat dink dis 'n wilde dier wat hom enige oomblik sou aanval. Na wat vir die seun soos 'n ewigheid gevoel het, het die dag begin breek en die eerste strale van die son het deur die blare-massa gedring. Die seun het blommetjies, bome en 'n oopgetrapte voetpaadjie gesien. Uit die hoek van sy oog het hy meteens die Indiane Krygsman sien staan slegs 'n paar meter van hom af. In volle krygsdag, ten volle gewapen met pyl en boog en spies. Die seun se hart het in sy keel gebokspring van opgewondenheid - dit was sy eie pa! Sy pa was die hele nag daar. Hy het sy seun dopgehou en opgepas, net só is die Here teenoor sy kinders. Hy is die alomteenwoordige Here, wat getrou bly. *Bron uit die boekie "Jy is spesiaal". Ingestuur deur Heléne Howell.*

God gee vir jou krag

Op 'n dag loop 'n seun en sy pa rustig in die veld toe hulle op 'n baie groot klip afkom. Die seun het na die klip gekyk en vir sy pa gevra: "Dink pappa dat as ek al my krag gebruik, ek dié klip kan skuif? Sy pa het hom met groot sekerheid in sy stem geantwoord: "As jy al jou krag gebruik, is ek seker dat jy dit sal kan doen my seun". Die seun het die groot klip begin stoot. Sy gesig het later bloedrooi geword van al die energie wat hy daarin gesit het om die klip te beweeg. Hy het gestoot en gestoot maar die klip wou nie eers een sentimeter beweeg nie. Moedeloos het hy na sy pa toe gedraai en teleurgesteld gesê: "Pappa was verkeerd, ek kan dit beslis nie doen nie." Die pa het sy arm saggies om sy seun se skouer gesit en vir hom gesê: "Nee seun, jy het nog nie al jou krag gebruik nie ..." Maar voor die pa sy sin kon voltooi het sy seun hom protesterend onderbreek: "Is nie! Pappa het mos self gesien dat ek al my krag gebruik het om die klip te skuif!" Sy pa het met 'n glimlag na sy seun gekyk en saggies geantwoord: "My seun, jy het nog nie vir my gevra om jou te help nie." Hier kan ek net byvoeg, dat daar dikwels "klippe" van probleme op ons pad kom wat ons nie kan hanteer nie, dan het ons iemand, Jesus, nodig om ons met Sy krag te help. Alleen kan ons dit nie hanteer nie. Hy is altyd beskikbaar om te help met al die "klippe" op ons pad.

Efesiërs 6:10 "Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag ..."

Bron: "Jy is spesiaal" uit hierdie boekie ingestuur deur Heléne Howell.

NS: Dit het my laat dink. Maak ons nie ook maar soos die seuntjie, om in ons krissistye self te probeer om self oplossings te probeer vind nie, sonder sukses. Ons probeer so hard en vergeet van die Een by ons, wie se krag en insig, onbeperk is en weet hoe om dit reg te kan hanteer.



Saambou Geloftefees

Plek: Saambou Geloftefeesterrein (Tussen Oranjeville en Deneysville)
Tyd: Maandag, 16 Desember om 09:00
Erediens: Ds. Tommie van Vuuren
Feesrede: Ds. Tommie van Vuuren
Tema: Die geskiedenis van Geloftedag kan ons baie leer vir nou en die toekoms.

Dit is nie die eerste keer dat gelowiges al die dinge beleef wat vandag in Suid-Afrika gebeur nie. En dit sal ook nie die laaste keer wees, dat dit so sal gaan nie. Ons geskiedenis wys vir ons wat ons hemelse Vader in die verlede vir sy gelowige kinders gedoen het. Ons geskiedenis vertel vir ons hoe gelowiges met sy genade nie moedeloos geword het nie, maar koers behou het. Kom luister gerus saam die 16de Desember 2019.

Gesellige saamkuier en ligte versnaperinge na afloop van die verrigtinge. Vir enige navrae kontak Gerrit du Plooy 082 944 9290 of 082 386 2906.



THE SPAR

3 DAE!
27 - 29 NOV**BLACK FRIDAY SALE!****PLUS!** Spandeer R500 of meer dié Vrydag – 2000 klante staan 'n kans om hulle inkopies GRATIS te WEN!**SOOS OP TV**WINKELPRYS
43⁹⁹Kry 'n ekstra
R4 afRewards-lede betaal
R39⁹⁹SPAR
Butter Bick
500 g**SOOS OP TV**WINKELPRYS
32⁹⁹Kry 'n ekstra
R5 afRewards-lede betaal
R27⁹⁹SPAR
Sonnetblomolie
2 liter**SOOS OP TV****MULTI-KOPIE**Koop 4 vir
40⁰⁰Kry 'n ekstra
R8 afRewards-lede betaal
R32⁰⁰Koo
Gebakte Boontjies
in Tomatoesous
(Lede Ingel) 410 g**SOOS OP TV**WINKELPRYS
22⁹⁹Kry 'n ekstra
R5 afRewards-lede betaal
R17⁹⁹All Gold
Tomatoesous
700 mlWINKELPRYS
19⁹⁹Kry 'n ekstra
R5 afRewards-lede betaal
R14⁹⁹Bokomo
Weet-Bix
450 g**MULTI-KOPIE**Koop 4 vir
50⁰⁰Kry 'n ekstra
R10 afRewards-lede betaal
R40⁰⁰Coca-Cola
Slags Gewoon
1.5 literWINKELPRYS
14⁹⁹Kry 'n ekstra
R5 afRewards-lede betaal
R9⁹⁹SPAR
Margarine Bick
500 gWINKELPRYS
139⁹⁹Kry 'n ekstra
R20 afRewards-lede betaal
R119⁹⁹SPAR
IQF
Gemengde Hoenderporsies
5 kgWINKELPRYS
62⁹⁹Kry 'n ekstra
R13 afRewards-lede betaal
R49⁹⁹Nescafé
Classic Koffie-Reuks
(Koffievrug uitgeel)
200 gWINKELPRYS
22⁹⁹Kry 'n ekstra
R5 afRewards-lede betaal
R17⁹⁹Nola
Mayonaise-Fleis
730 g (750 g) (750 g)
(Druk bottel 500 g ingewig)

Afslag nie van toepassing wanneer produkte afsonderlik gekoop word nie

Maksimum van 10 e-Koepons per produk per SPAR Rewards-lid**Eksklusief aan SPAR Rewards-lede****SPAR Rewards**
Winkels & SupermarkteSluit vandag aan.
Dis **GRATIS** en onmiddellik!

SPAR

27 - 29 November 2019. Onderworpe aan V's en B's. Terwyl voorraad hou. Vir klantenvrae: 086 199 9981

Besikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) tot en met 29 November 2019 terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. TV-produkte landwyd beskikbaar. Nie beskikbaar in die Upington of Keimoes area, KwaZulu-Natal, die Laeveld of die Wes- en Oos-Kaap nie. Pryse sluit BTW in.

UNIEK



Dag in en dag uit. Nog 'n dag in en dag uit. En weer en weer en weer. Tot jy eintlik so smag na 'n verandering in die roetine, al is dit net een keer.

My goeie man is uitstедig en ek moes vroeër as gewoonlik huis toe om die dame wat ons strykwerk doen by die taxistaanplek te gaan aflaai. Aangesien ek nou 'n paar minute te spaar het, kan ek net sowel iets doen wat vir my lekker is, dink ek – iets wat totaal uit my roetine is.

OP PAD HUIS TOE SIEN EK DAT DAAR ADVERTENSIEBORDE IS VIR 'N KUNSMARK NABY DIE PLOTTE.

Gits, dis amper 20 kilometer soontoe en verlede jaar het ek verdwaal op pad na dieselfde kunsmark. Dit is 'n heerlike mark met alles wat kan oop-en-toe maak. By die kassiere is daar 'n kersboom behang met kartonpilleverpakings. 'n Leë Adcodol-boksie, 'n Disprin-houer, wat Andolex ingehad het, selfs Alcophyllex pryk aan die boom. Jy kan dan (geen verpligting nie), een van die verpakings afpluk, dit by jou inkopies voeg en dit word dan aan 'n tehuis geskenk.

Verder in die straat is daar lamppale wat 'n ander kersmark adverteer - Unique Market. Ek het nog nooit daarvan gehoor nie, maar dit is veel nader as die ander kunsmark. Op die plakkaat staan daar: “See the able, not the label.”

Ek dink toe by myself dat hierdie seker weer 'n onbekostigbare mark is, met goed wat ek nie nodig het nie - goedere met 'n label. Dit klink amper soos Black Friday: Jy gaan na winkels waar jy nooit sou gaan nie, koop items wat jy nie nodig het nie, met geld wat jy nie het nie.

Iedergeval, ek is op pad Unique Market toe. Met die instap heet iemand my welkom. Die man bied my 'n waentjie aan om my inkopies in te pak: R10. Of 'n mandjie sal R5 wees. Is dit 'n deposito? Nee, dit is wat jy betaal om dit te huur.

Ek wip my somer. Regtig? Dis erger as karwagte. Betaal vir 'n mandjie. Wie? Ek? Nooit!

Iets sê vir my dat ek maar net moet smile and wave. Ek vat 'n rooi mandjie en begin deurstep.

EK SIEN DIE NAME VAN SKOLE OP DIE PRYSETIKETTE VAN SOMMIGE ITEMS.

Alma Skool. The Bridge Assisted Learning Centre. Zodwa School for the Disabled. En toe verstaan ek.

Elkeen van die items wat te koop aangebied word, is deur die leerders van hierdie skole gemaak, dit staan op die prysetiket.

Daar is gewone breigoed, bolle wol. Kleipotte, hout-blokke, blikkies met vetplante in. Lekkers en gemmerbier. Klere, geborduurde handdoeke, oulike speelgoed, tuisgemaakte badsout en lyfroom, lekkerruik kerse en juwele.

My hart wil breek! Ek wou nie eers die R5 vir die

mandjie betaal het nie. Ek, wat elke oggend opstaan met 'n brein wat (meeste van die tyd) relatief goed funksioneer. Ek, wat elke liewe vinger aan my twee hande kan rek en strek, kan knyp en vat. Ek, wat loop sonder moeite, met 'n reguit ruggraat, sonder arbeidsterapie. Ek wat nie 'n liggaamlike gebrek het nie.

En hier kom ek vol *bravade* aan en ek wil my ronde lyf hier kom rondgooi.

Meteens het ek waarde-ring vir wat ek het en vir alles wat ek is. Vir alles wat ek so pasella gekry het. Ek is jammer vir hiergrootmense wat met 'n gebrek

die kinders en rondloop.

Toe tref dit my: ek moenie vir hulle jammer wees nie, want hulle leer my om myself te waardeer vir wie en wat ek is.

Ek koop die mooiste gehekelde blomme wat as borsspelde gebruik kan word. Daar is 'n pragtige rooi, wit en silwer kers-kranse wat ek teen die veiligheidsdeur kan hang. Dit bestaan uit letterlik honderde klein strikkies wat aan 'n draad geryg is. Dit het iemand dae gevat om elkeen van die lapstukkies in strikkies te knoop.

Elkeen van die items is spotgoedkoop. Ek pak al my inkopies by die kassiere, sy skandeer elkeen en noem 'n beskeie bedrag. Ek vra of sy onthou het om die mandjie by te reken. Nee, sê sy, dis goed genoeg net om die mark te ondersteun. Sy wens my 'n heerlike dag toe en haar oë lag.

My hart krimp weer ineen. Hoeveel keer het ons al gekla oor lelike bene – daar is mense wat nie kan loop nie.

SOMS KLA ONS OOR DIE BAIE WERK WAT ONS HET OM TE DOEN. Daar is mense wat nie so bevoorreg is nie – hulle kan dalk nie die hoër kognitiewe take verrig nie.

Daar is duisende goed wat deur my kop maal toe ek terugry huis toe.

Ek voel diep dankbaar vir alles wat ek het. Ek het in oorvloed ontvang: goed wat ek nie verdien nie en baie kere nie eers waardeer nie.

Wanneer laas het jy na jou lyf gekyk en dit werklik waardeer? Elke liewe dimpel en duik. Wanneer laas het jy aan jouself gedink as “bevoorreg”? Al voel dit of die lewe jou net skop. Wanneer laas het jy jou oë, jou ore en al jou sintuie waardeer? Wanneer laas het jy jou tone bekyk en in verwondering gestaan hoedat 'n paar vierkante sentimeter jou van punt A na punt B kan kry sonder om te val?

Gaan kyk gou vir jouself in die spieël en waardeer dit wat jy sien, gee jou spieëlbeeld 'n soen en sê vir jouself dat jy jou aardse lyf waardeer vir wie en wat jy is. Want jy is uniek. Geseënd. Waardeer dit.

KERKNUUS



NG MOEDERGEMEENTE

Wêreld Vigs-dag / Biddag in Aansluiting by Wêreld Vigs-dag
Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Blok 1

NG SUID

Wêreld Vigs-dag / Biddag in Aansluiting by Wêreld Vigs-dag
Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Deurkollekte: Behoeftige Kinders

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 4 en 5

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondag: 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

AGS, PLEINSTRAT 72

Sondag: 10:00 Erediens
Woensdag Biduur: 18:30, Vrydag: 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deyssel. Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- en Gilbertstraat) - Sondag: 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
Sondag: 10:00 Erediens (Heilbron)
Deurkollekte DVB
Skinkbeurt - Groep 4

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK

FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)

Sondag: 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
Woensdag Biduur: 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Sondag: 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Woensdag Biduur: 18:00

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
Maandag: 18:30 Jeug / Dinsdag: 18:00 Gemeentebiduur
Woensdag: Huissel / Donderdag: 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jeugaand / Saterdag: 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondag: 10:00 Oggenddiens. Maandag: 06:00 Huissel,
Woensdag Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Sondag: Heiligmaking om 10:30
Dinsdag: 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
Woensdag: 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Dinsdag: 10:00 Biduur / Donderdag: 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en
www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir
huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim
DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYPDAE 09:00 - 13:00


Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYPDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.



hl

habby&lance

BLACK

FRIDAY / SALE

EARLY REVEAL SALE BEGINS 25TH NOVEMBER 2019

WWW.HABBYANDLACE.COM

016 422 5400

info@habbyandlace.co.za

56 Voortrekker Street, Vreemiging

We Courier Throughout SA

SAVE R600

IMPORTED BEADED BRIDAL (130CM)

NOW R399.99 PM

NORMALLY R999.99 PM

SAVE R200

MESH EMBROIDERED SEQUINS (130CM)

NOW R299.99 PM

WAS R499.99 PM

MINI MATT (150CM)

NOW R16.99 PM

ROLL PRICE R14.99 PM

SAVE R20

PRINTED DENIM (150CM)

NOW R49.99 PM

NORMALLY R69.99 PM

SAVE R20

IMPORTED SUITING (150CM)

NOW R49.99 PM

WAS R69.99 PM

SAVE R5

5000M DORTAK COTTON

NOW R27.99 P/REEL

WAS R32.99 P/REEL

HOT DEAL

SINGER MACHINE NEEDLES

NOW R9.99 P/PACK

WAS R11.99 P/PACK

GREAT VALUE

SINGER MACHINE OIL (100ML)

NOW R12.99 EA

WAS R14.99 EA

SAVE UP TO R70

BATH TOWELS, HAND TOWELS & BATH SHEETS

NOW FROM R39.99 EA

WAS UP TO R199.99 EA

SAVE R180

SHERPA TROWS (152X177)

NOW R149.99 EA

NORMALLY R329.99 EA

TAKE 2 FOR THE PRICE OF 1

SAVE R190

TAPED CURTAINS (230X218)

NOW R299.99 EA

NORMALLY R489.99 EA

SAVE R50

CHAFING DISH (SINGLE & DOUBLE PAN)

NOW R299.99 EA

WAS R349.99 EA

SAVE R90

6PC CARRE HIBALL GLASSES

NOW R79.99 P/SET

WAS R169.99 P/SET

SAVE R20

7 PC CLEANING COMBO

NOW R99.99 P/SET

WAS R119.99 P/SET

SAVE R100

120L DUMPSTER BIN WITH LOCK LID

NOW R150.00 EA

WAS R249.99 EA

LIMITED OFFER!

FASHION BOUCLE

NOW R29.99 EA

NORMALLY R69.99 EA

SAVE R60

PLAIN VELVET UPHOLSTERY (140CM)

NOW R69.99 PM

NORMALLY R129.99 PM

SAVE R10

PLAIN LINEN VOILE (280CM)

NOW R39.99 PM

NORMALLY R49.99 PM

ROLL PRICE R29.99 PM

BELOW COST!

INDIAN CARPETS (160CM X 230CM)

NOW R999.99 EA

WAS R2500.00 EA

MOSSOFT 100% COTTON MAT (50CM X 80CM)

TAKE 2 FOR R100.00

NORMALLY R79.99 EA

WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES - SALE WHILE STOCKS LAST - PRICES VALID UNTIL 25TH NOVEMBER 2019 - IMAGES USED FOR ILLUSTRATION PURPOSES

Kersliggie-funksie te Petrus Steyn



Kersliggie-funksie wat gehou is op 22 November by 29 Minnaarstraat in Petrus Steyn vir gestremde en minderbevoorregte kinders van Petrus Steyn. Groot waardering word getoon aan almal wat 'n aandeel het vir die sukses van die jaar.



VAKANTE BETREKING
Vir 0 -12 Maande Klassie
Vereistes:
• Matriek Sertifikaat
• Kwalifikasie in babasorg
sal voordelig wees
Stuur CV's na
alet.swart@gmail.com
of handig in by Kleuterkasteel
Sluitingsdatum 13 Desember

HEILBRON TUISONDERRIG
BYSTANDSENTRUM

Tuisonderrig is in 1996 in Suid-Afrika as wettig verklaar en raak sedertdien al hoe meer gewild. Daar word beraam dat daar tans nagenoeg 90 000 tuisonderrig-leerders in Suid-Afrika is. Tuisonderrig is nuut, dinamies en kindervriendelik.

Tuisonderrig is 'n oplossing vir baie ouers. Dit is vir begaafde kinders en kinders met spesiale behoeftes. Lesse is kindervriendelik uiteengesit en ouers kan kinders baie maklik help. Baie ouers werk oorsee of woon en werk op plase. Dit is ook 'n feit dat sommige kinders net nie aanpas in die gewone klassituasies nie.

In Heilbron het ons 'n Bystandsentrum om dit makliker te maak vir ouers. 'n Bystandsentrum se doel is om hulp en bystand te verleen aan leerders. Kinders kan in 'n rustige, vriendelike atmosfeer leer. Ouers het ook gemoedsrus dat standaarde nie verlaag word nie, en oorvol klasse is nie meer 'n probleem nie. Boelies word uitgeskakel en die kinders se selfbeeld kry 'n hupstoot.

Indien u belangstel in 'n CAPS-gebaseerde leerplan, waar leerders die nodige kennis kry om eksterne eksamens te slaag en 'n geleentheid kry om universiteit toe te gaan, kontak vir verdere inligting.

Tina Ferreira 083 241 33 77
E-Pos: tinaferreira1@gmail.com

Het jy geweet?...

Die Global Positioning System (GPS) netwerk van 30 plus-satelliete, wat oorspronklik in die sewentigerjare ontwikkel is vir gebruik deur Amerikaanse weermagte, het sedertdien 'n doel gevind in alles, van argeologiese opnames tot selfbesturende motors. In 2003 ontvang die fisikus Dr Ivan Getting en die ingenieur Kolonel Bradford Parkinson die gesogte Draper-prys van die US National Academy of Engineering vir die realisering van die GPS. Terwyl niemand die belangrikheid van hul rol betwis nie, was dit ook nie die sleutel tot die sukses van GPS nie: om elke satelliet op 'n ongelooflike akkurate 'atoomklok' te sit, waardeur die liggings van 'n paar sentimeter vasgemaak kon word. Aan die einde van die vyftigerjare het Getting en sy span gewerk aan Transit, 'n satellietnetwerk waarvan die radio-uitsendings gebruik kon word om plekke op aarde reg te stel. Die tegniek het noukeurige tydsberekening nodig gehad, maar die gebruikte kwartshorlosie was nie betroubaar genoeg nie. In 1964 het die Amerikaanse vloot begin met die Timationn-program, gebaseer op die rassekonsep van 'n netwerk van atoomhorlosies wat wentel om meer stabiele kwantumeffekte te gebruik. Die tydsberekening-program is deur Dr Roger Easton aan die Naval Research Laboratory herinner, en Parkinson het daartoe gelei dat die tegnologie uit die laboratorium en in 'n wentelbaan sou kom. Maar eers in 2010 het Easton saam met die ander in die US National Inventors Hall of Fame aangesluit.





Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033 • Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

The Back to School
ADVENTURE
BEGINS

CATALOGUE
OUT NOW



GEKLASSIFISEERD

Smalls

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars

Heilbron Herald (Edms) Bpk,

Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140

www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za

• John Watson john@heilbron.co.za

• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

• Celéste herald@heilbron.co.za

(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)

• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za

(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)

• Delareyz finance@heilbron.co.za

(Rekenings, state ens.)

• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za

(Bestellings ens.)

• Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za

(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za

(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

• Silma heraldnuus@heilbron.co.za

(Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 29 Nov.	18 / 32	Sonnig
Sa 30 Nov.	19 / 32	Sonnig, warm
So 1 Des.	17 / 32	Sonnig, warm
Ma 2 Des.	17 / 29	Sonnig, warm
Di 3 Des.	17 / 30	57% kans vir donderbuie
Wo 4 Des.	16 / 32	Warm
Do 5 Des.	15 / 29	Sonnig, warm
Vr 6 Des.	16 / 29	Sonnig, warm
Sa 7 Des.	16 / 29	Warm
So 8 Des.	16 / 29	Sonnig, warm
Ma 9 Des.	18 / 31	Sonnig, warm

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle PAUL JOHANNES SLABBERT, Identiteitsnommer 710610 5054 082, wie getroud was binne gemeenskap van goedere met DIANNE SLABBERT, Identiteitsnommer 830112 0182 088, wie woonagtig was te plaas Tauton, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 17 Augustus 2019, boedelnommer 007848/2019. Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33

POSBUS 199

HEILBRON, 9650

GEREGISTREERDE OUDITEUR

Die laaste uitgawe van die Heilbron Herald vir die jaar is Vrydag 13 Desember 2019 en die eerste uitgawe van die Heilbron Herald vir 2020 is DV Vrydag 10 Januarie 2020.

DIENTE

HOÛRSKOOPE HEILBRON

GINNASIUM

WORD FIKS • LEEF STERK

R250 per maand

000 Ma-Sa 08:00-20:00

oep vir die publiek

Kontak - 081 848 6301

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

Spertye vir advertensie en bydraes vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.

PROF ABBEY

Specialist in the following

• Bring back lost lover or wait for marriage

• To prevent thieves from your home, cars etc & recover stolen property.

• Do you want to know your future?

• Bewitched people, chase away Tokoloshe and send it back

• Promotion at work or to find a job

• Manhood problems, bum and hip cream

• Bring luck and money to the family

• Finish unfinished jobs by other doctors

• Win court cases, tenders and contracts

• Financial problems or customer attraction

• Woman and men who can't produce

Book an appointment before you come. Call or WhatsApp 071 087 8360

VERFWERK

Ek doen die volgende in die dorp of op plase: Verf van dak: Afskuur, herstel lekkes en seel, verf en herstel geute. Plafonne: Vervang, herstel, dig maak met putty en verf. Mure: Herstel krake, afskuur en verf. Algemene instandhouding, reparasies van geboue binne en buite. Ek het 25 jaar ondervinding en waarborg deeglike en professionele diens. Skakel Chris Maseko vir gratis kwotasie. Tel: 073 362 4855 of 073 750 3775 "Chris is 'n betroubare persoon en ek kan hom aanbeveel. J. Blignaut Tel: 082 335 5503"

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.

Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159

TE KOOP

GiG Technologies

Jenny Wireless Internet

• Alarm Systems • Web Development

• Computer Products • Internet Service

• Computer Repairs • CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!

Address: 073 840 6085 • Business 073 840 6085

Email: info@gigtechnologies.co.za

TE KOOP

Baie ruim woonhuis op dubbelers in Vegkop uitbreiding. Sitkamer, eetkamer, TV-kamer, 3 slaapkamers, 2 badkamers, gastetoilet, studeerkamer, kombuis, spens, opwas, waskamer, gereedskapstoor, dubbel motorhuis, dubbelafdak, onderdak stoep, boorgat, groot tuin. R875 000. Skakel 082 444 6383

SKB

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar. Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531

G

ROLSTOEL-PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

19H00 | 13 DES 2019

NG KERK GEBOU FRANKFORT

met JANNIE MOOLMAN CORLEA BOTHA

Kerssangdiens

Spesiale Interkerklike Kerssangdiens en Bemoedigingsboodskap word gebring aan die gemeenskap.

Prediker ds. Melissa van Biljon

Orrells Adv. Chris Erasmus

Almal is welkom.

Enige vrywillige kollekte sal aangewend word vir behoeftige gesinne in die plaaslike gemeenskap.

4	7				6		8
	6	2				4	
				4	2		1
8	9		5	6		3	7
		6			8		5
				1			2
9					5	8	
6	8	7					
	5			6	3		

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

Kerssangdiens by NG Suid Kerk



Op die foto bo die Heilbron Koor.

'n Geestelike ervaring op 17 November by NG Kerk Suid se gesamentlike Kerssangdiens.

Die koms van die Vader is gevier met orrel, klavier, trompet, fluite, saxofoon en sang. Isabel, Carla, Carlo en Carel het die musiek gemaak terwyl Jannie en Manus en die Heilbron Koor gesing het. Die twee klankmanne wat bontgestaan het by die liederebord was Johan en Rudie, terwyl Ds Tiaan Victor die diens gelei het. Die skrif-

gedeeltes rondom Jesus se geboorte is vir elkeen opnuut gebring saam met die lofprysing. Die kerk se blommevroue het elke gas laat welkom voel en 'n Kersatmosfeer geskep met wit blomme en versierings. Betsie Terréblanche, Wendy Roos, Petro Meintjes en Nonna Roos was verantwoordelik daarvoor.

Die aand was afgesluit met 'n tee- en koffietafel met heerlike eetgoed in die kerk-saal.



Op die foto vl: Carlo Wright op trompet, Jannie Booysen en Manus Kleynhans, Isabel Kruger op klavier, Carel en Carla Steyn op fluite.



Op die foto bo en links die NG Suid kerk wat versier is deur Betsie Terréblanche, Wendy Roos, Petro Meintjes en Nonna Roos. Tema: Wit kerstema.

Dienssentrum lede geniet hul fliëk-dag



Dienssentrum lede fliëk gewoonlik aan die einde van elke kwartaal en hierdie keer het dit op 26 November gaval. Die lede het die fliëk, Klein Karoo, baie geniet met die nodige springmielies, tjiëpies, lekkers en koeldrank. Donateurs wat nie die Dankie-tee bygewoon het nie is: George en Wendy Roos, Gert en Wilmien Naude, Rita Serfontein, Jan du Toit, Isabel Kruger, Judy Aucamp, Leon Deysel, Dries Cilliers en verteenwoordigers van Pakworks, Sanjo's, Sloopkraal, Telwiedre en Avbob. Volgende week is die Dienssentrum se afsluiting vir die jaar - 'n bring-en-braai by Lalapanzi.



Bloedskenk-sukses

Op 26 November het SANBS kom bloed trek in Heilbron by die NG Kerk Suid saal om 'n doelwit van 80 eenhede bymekaar te maak vir die Feesseisoen wat voorlê. Met 105 eenhede ingesamel toon SANBS groot waardering en dankbaarheid vir elke Heilbronner wat kom bloedskenk het. Op die foto: Dolf van der Westhuizen met sy 135ste skenking. Hy stel 'n voorbeeld vir almal aangesien hy al sedert 1986 bloed skenk.

Kerswenke vir die feestyd


Kersfees op die platteland beteken warm somerdae, die saamwees van familie, mooi gedekte tafels en heerlike kos en peuselhappies. Met 'n paar oulike wenke kan jy en jou gesin 'n onvergeetlike Kersfees hê. Van die goed is so maklik om te maak die kinders kan selfs help. Verf ou Kersballe of polistireenballe met swartbordverf. Laat dit droog word en skryf die gas se naam met wit bordkryt of 'n wit pen daarop. Indien jy 'n ander kleur verkies, kan jy nou die bordkrytverf in verskillende kleure te koop kry. Verf die balle met 'n laag handwerk-gom nadat dit geverf is en strooi dit vol blinkers van jou keuse. Bring die Kersvreugde na jou tafel met mooi linte, kristalle en kunsvruggies. Bind aan elke punt van die lint 'n kristal vas en plaas die linte kruis en dwars oor jou tafel. Gebruik kunsvruggies in plaas van blomme en rang-

skik dit saam met 'n klein boksie, waarin jy 'n enkele sjokolade plaas, in 'n mooi koppie. Voeg 'n tikkie goud by vir ekstra feestelikeheid. Wanneer jy begin versier en jou mure baie donker is of baie patrone het, dan is wit toebehore alles wat jy nodig het, 'n versameling van verskillende vorms en teks-ture sal met lig en skaduwee speel. Wanneer dit kom by geskenke geniet meeste mense kerskaarte. Jy hoef nie teenwoordig te wees nie, maar 'n mooi gedagte bo jou handtekening kan iemand se dag maak. Mens moet nooit 'n geskenk van iemand verwag nie, maar wees dankbaar vir enigiets wat iemand jou gee. Hou in gedagte dat die persoon tyd geneem het om oor jou te dink en iets te kies wat hy of sy gedink het jy wil hê. Indien dit iets is wat jy nie gaan gebruik nie, is dit reg om die geskenk te hergebruik. Heg 'n nota aan die geskenk om te verseker

jy gee dit nie aan dieselfde persoon terug nie.

- Hier 'n paar idees om hierdie vakansie-seisoen nog meer spesiaal te maak:
- Doen goeie daade en versprei vriendelikeheid by geleenthede waarby jy jou kinders kan betrek.
 - Beplan 'n roete waarvolgens jy kos by hawelose mense en dakskuilings kan afgee of raak betrokke by iets soortgelyk aan 'n sopkombuis.
 - Vind 'n “gee boom” en koop geskenke vir iemand wat jy nie ken nie - kerke hou gewoonlik hierdie geleenthede.
 - Bak koekies en lewer die pakkies by u plaaslike polisie- en brandweermanne af.
 - Besoek eensame inwoners by 'n ouetehuis of verpleeginrigting en lees vir hulle die Kersverhaal.

Die belangrikste bly om te onthou waarom Kersfees gaan en steeds soos al die jare die boodskap oor te dra van geslag tot geslag oor Christus se geboorte.



How to respond to CHILD abuse?

• Heilbron Clinic
Protecting children is everybody's business

How you can prevent child abuse:

- Form a neighbourhood group to focus on child protection
- Foster mutual respect and good communication between children and parents
- Look for positive ways to bring up children
- Inform parents and children about their rights as citizens
- Form links and reach out to families in difficult circumstances
- Watch your neighbour's children when they have to go somewhere
- Have neighbours' children check with you when they come home if their parents are not there
- Keep an eye out for strangers or strange cars
- Keep an eye on your neighbour's house if they are away
- Talk to children in your neighbourhood about where they can go for help
- Establish safe homes and safety networks with organisations in your area
- Spread the idea of good neighbourliness
- Establish neighbourhood support groups for abused children and their families
- Establish links and networks with formal services
- Organise neighbourhood awareness campaigns
- Organise activities to improve your neighbourhood that address issues contributing to child abuse, such as poverty, life skills, unemployment
- Make use of resources provided by existing organisation in your area
- Lobby local, provincial and national government for adequate environments and essential services e.g., housing, water, sanitation, and playgrounds

How you can intervene in child abuse:

- Check situations out if they look suspicious
- Call the police if a child is in danger
- Report cases and act in collaboration with relevant authorities
- When taking a child to the police, insist on a case number
- In case of rape, secure any evidence
- Get assistance from other neighbours
- Become safety parents
- Offer support and assistance to parents and children who have been abused
- Don't ask the child too many questions
- Provide support to your neighbour in times of emergency, offer a meal, call the ambulance
- Give information to neighbours on child support grants, disability grants, and where to go if a child is abused

Offer to assist young and new mothers:

- When a neighbour is ill, provide a meal, watch their children, and check on them from time to time
- Be supportive to elderly neighbours by offering to run their errands, go with them to the doctor and offer to sit with or just visit them; obtain the names and numbers of relatives in case of an emergency
- Support and join local groups in your neighbourhood such as neighbourhood watch, youth groups, sport groups, women's groups
- Be aware of families where alcohol abuse, drug abuse and domestic violence appear, as in such situations children are not safe
- Always intervene in a way that allows you to be honest, respectful and caring

Children are entitled to human rights

- Have respect for your neighbours
- Child abuse should never be tolerated
- Prevention of abuse is everyone's responsibility
- Be child-friendly adults
- It's never too late to help
- Believe children
- Be committed to do something about abuse
- Perpetrators of abuse have committed a criminal offense
- The behaviour of perpetrators can be changed
- Being a good neighbour has limits; don't let it be an extra burden
- Always act in the best interest of the child
- Child protection starts at home and with one's own family
- Children's best interest are paramount

FUNDED BY: NATIONAL LOTTERY

childline
0800 00 55 55

BLACK FRIDAY Specials

Business Cards
[R199] Single Sided
[R219] Double Sided
Only the online order on 29 November
Incl VAT

Black Friday Specials
[R2 299]
Only 2 left in stock.
Cash only on 29 November
Incl VAT

Canvas
A4 CANVAS R 110
A3 CANVAS R 150
A2 CANVAS R 230
excl VAT

Clothing products in stock 20% off • Cash only • Offer only valid for 29 Nov

